| EKSAMEN | NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT |
|---|---|
| **GRAAD** | 12 |
| **DATUM** | JUNIE 2024 |
| **VAK** | BESIGHEIDSTUDIES |
| **VRAESTEL** | 1 |
| **PUNTE TOTAAL** | 150 |
| **TYDSDUUR (URE)** | 2 |
| **BLADSYE** | 10 |

SACAI

SOUTH AFRICAN COMPREHENSIVE ASSESSMENT INSTITUTE

SUID-AFRIKAANSE KOMPREHENSIEWE ASSESSERINGSINSTITUUT

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur voordat die vrae beantwoord word.

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings en dek die volgende TWEE temas: **BESIGHEIDSOMGEWINGS** en **BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE**.

   **AFDELING A**: Al die vrae in hierdie afdeling is **VERPLIGTEND**.
   **AFDELING B**: Bestaan uit **DRIE** vrae. Een vraag per tema en 'n gekombineerde vraag wat albei onderwerpe saamvat. **Beantwoord enige TWEE vrae.**
   **AFDELING C**: Bestaan uit TWEE vrae, een van elke tema. **Beantwoord slegs EEN vraag.**

2. Lees die instruksies vir elke vraag aandagtig deur en neem kennis van die vereistes.

3. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Antwoorde moet in volsinne wees, behalwe waar daar ander instruksies gegee word.

5. Gebruik die puntetoekenning en aard van elke vraag om die lengte en diepte van 'n antwoord te bepaal.

6. Gebruik die tabel hieronder as 'n gids vir punte- en tydstoekenning wanneer jy die vrae beantwoord.

| AFDELING | | VRAE | PUNTE | TYD (minute) |
|---|---|---|---|---|
| **A** | Meervoudige keuse, voltooi die stelling en pas items **VERPLIGTEND** | 1 | 30 | 30 |
| **B** | Drie direkte/indirekte vrae **KEUSE:** Beantwoord enige **TWEE**. | 2 - 4 | 2 x 40 (80) | 2 x 30 (60) |
| **C** | Twee opsteltipe vrae **KEUSE:** Beantwoord enige **EEN**. | 5 - 6 | 40 | 30 |
| **TOTAAL** | | | **150** | **120** |

7. 'n Nie-programmeerbare sakrekenaar mag gebruik word.

8. Gebruik slegs BLOU ink en skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: (VERPLIGTEND)

### VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A - D) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.10) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.1.11 B.

1.1.1 Hierdie Wet beskerm werkgewers van finansiële verlies sou werknemers betrokke wees by ‘n ongeluk aan diens.

A. Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995 (Wet 66 van 1995)
B. Nasionale Kredietwet, 2005 (Wet 34 van 2005)
C. Wysigingswet op Vergoeding vir Beroepsbeserings en siektes,1997 (Wet 10 van 2022)
D. Wet op Gelyke Indiensneming, 1998 (Wet 55 van 1998)

1.1.2 Kredietverskaffers moet jaarliks ‘n verslag aan die … indien vir nakomingsdoeleindes.

A. skuldberader
B. Nasionale Krediet Reguleerder
C. Krediettoepassingsagentskap
D. kredietberader

1.1.3 Besighede wat konstant aan politiese veranderinge blootgestel word, het geen beheer oor die … omgewing nie.

A. mikro
B. mark
C. makro
D. operasionele

1.1.4 Hierdie nywerheidsanalise-instrument word gebruik om uitdagings van binne die besigheid te identifiseer:

A. PESTWO.
B. Porter se Vyf Kragte model.
C. SCAMPER.
D. SSGB.

1.1.5 Die prosedure waar alle aansoekvorms wat ontvang is gekontroleer word teenoor voorafbepaalde kriteria:

A. Induksie
B. Seleksie
C. Plasing
D. Werwing

© SACAI KOPIEREG 

1.1.6 ‘n Lang-termyn plan van aksie om ‘n probleem aan te spreek of ‘n spesifieke doelwit te bereik staan bekend as ‘n besigheids …

A. strategie.
B. visie.
C. missie.
D. beleid.

1.1.7 Die … funksie verseker dat akkurate inligting beskikbaar gestel word aan bestuur vir besluitneming.

A. finansiële
B. administrasie
C. openbare betrekkinge
D. bemarking

1.1.8 Die … is ‘n voorbeeld van ‘n interne werwingsbron.

A. besigheid se nuusbrief
B. advertensiebord
C. werwingsagentskap
D. plaaslike koerant

1.1.9 Klein groepe vrywillige werkers wat gereeld bymekaar kom om gehalte verwante sake in die werkplek te bespreek, staan bekend as …

A. gehalte bestuurder.
B. werknemer groepe.
C. gehaltebestuur.
D. gehalte groepe.

1.1.10 Die BDKH model vorm deel van die TGB element van …

A. deurlopende verbetering van prosesse en stelsels.
B. totale kliënte-tevredenheid.
C. deurlopende vaardigheidsontwikkeling.
D. voldoende finansiering en kapasiteit.

(10 x 2) (20)

© SACAI KOPIEREG

1.2 Voltooi die volgende stellings deur die woord(e) in die lys hieronder te gebruik. Skryf slegs die woord(e) langs die vraagnommers (1.2.1 - 1.2.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

| |
|---|
| finansieel; stukwerk; Arbeidsverhoudinge; induksie; nepotisme; tyd-verwante; werwing; Gelyke Indiensneming; bestuur; fronting |

1.2.1 Tobias Trading het die Wet op … nagekom toe hulle alle gekwalifiseerde aansoekers dieselfde toegang tot werksgeleenthede gee het.

1.2.2 Inspire Fotografie het vir Sandile, ‘n skoonmaker in die maatskappy, op hul direkteur lys ingesluit. Hierdie is ‘n voorbeeld van …

1.2.3 Die … proses word deur besighede gebruik om vakante poste te identifiseer en gepaste kandidate te lok.

1.2.4 Speedy Printers het gehalte … geimplementeer toe hul elke besigheidsfunksie verantwoordelik gehou het vir konstante hoë diensstandaarde.

1.2.5 Get Active Gimnasium gebruik die … salarisbepalingsmetode deur hul fiksheidsinstrukteurs te betaal vir elke klas wat hul aanbied.

(5 x 1) (5)

1.3 Kies 'n beskrywing uit KOLOM B wat by 'n term in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A - J) langs die vraagnommers (1.3.1 - 1.3.5) in die ANTWOORDEBOEK neer, bv. 1.3.6 K.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---|---|---|---|
| 1.3.1 | Plasing | A | wanneer 'n besigheid sekere afdelings wat nie meer winsgewend is nie verkoop |
| 1.3.2 | Gehalte | B | beskerm kliënte teen besighede se onregverdige en roekelose kredietverlening |
| 1.3.3 | Ontbondeling | C | kontroleer verwysings van aansoekers wat vir die pos kwalifiseer |
| 1.3.4 | Sifting | D | die orienterring van die gepaste kandidaat om maklik by die werkplek aan te pas |
| 1.3.5 | Wet op Verbruikers-beskerming | E | gemik op die deurlopende verbetering van die besigheid se produk |
| | | F | wanneer 'n besigheid alle bates verkoop om hul laste af te betaal |
| | | G | pas die posisie by die bevoegdheid van die werknemer |
| | | H | voorbereiding van 'n advertensie wat relevante inligting van die pos bevat |
| | | I | beskerm die ekonomiese belange van kliënte deur hul van produkinligting te voorsien |
| | | J | die vermoë van produkte/dienste om in 'n bepaalde behoefte te voorsien |

(5 x 1) (5)

**TOTAAL AFDELING A: [30]**

© SACAI KOPIEREG 

## AFDELING B

Beantwoord ENIGE TWEE vrae in hierdie afdeling.

### VRAAG 2: BESIGHEIDSOMGEWINGS

2.1 Noem enige VIER pilare van die Wet op Breëbasis-Swart Ekonomiese Bemagtiging (BBSEB), 2003 (Wet 53 van 2003). (4)

2.2 Omskryf breedvoerig hoe SOOOs befonds word. (6)

2.3 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| **KAREEM GESONDHEIDSWINKEL (KGW)** |
|---|
| Kareem Gesondheidswinkel spesialiseer in die verkoop van produkte vir spesifieke dieetvereistes Hulle het Jennifer se aansoek vir verlof na haar broer se afsterwe, afgekeur. KGW het ook geweier om haar toegang te gee tot haar dienskontrak toe sy daarvoor gevra het. |

2.3.1 Haal TWEE aksies uit die scenario aan wat as diskriminerend beskou kan word volgens die Wet op Basiese Diensvoorwaardes (WBDV),1997 (Wet 75 van 1997). (2)

2.3.2 Stel maniere voor hoe die bestuur van KGW die Wet op Basiese Diensvoorwaardes (WBDV),1997 (Wet 75 van 1997) kan nakom. (6)

2.4 Verduidelik hoe besighede die volgende magte van Porter se Vyf Kragte model kan toepas om hul posisie in die mark te analiseer:

2.4.1 Krag van mededingers/Mededingende wedywering (4)

2.4.2 Bedreiging van sustitusie/plaasvervangers (4)

2.5 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

| **TAYLOR TUTOR DIENSTE (TTD)** |
|---|
| Taylor Tutoring Dienste verskaf aanlyn tutor hulp vir studente in die aanlyn skool mark. TTD het besluit om ook hul dienste aan studente in staatskole aan te bied. |

2.5.1 Identifiseer die tipe intensiewe strategie wat TTD in die bostaande scenario toegepas het. (2)

2.5.2 Verduidelik die voordele van intensiewe strategieë. (6)

2.6 Adviseer besighede oor hoe om die strategiese bestuursproses toe te pas. (6)

**[40]**

## VRAAG 3: BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE

3.1 Gee enige DRIE voorbeelde van byvoordele. (3)

3.2 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

> **VALUE TRADERS (VT)**
>
> Value Traders spesialiseer in aanlyn bemarking. VT het 'n vakante pos vir 'n bemarkingsbestuurder op hul kennisgewingborde geadverteer. Die sukses-volle kandidaat sal binne drie maande in kennis gestel word.

3.2.1 Identifiseer die werwingsmetode wat deur Value Traders gebruik is. Motiveer jou antwoord met 'n aanhaling uit die scenario. (3)

3.2.2 Omskryf breedvoerig die voordele van die werwingsmetode wat in VRAAG 3.2.1 geidentifiseer is. (4)

3.3 Verduidelik die rol van die onderhoudvoerder voor die onderhoud. (4)

3.4 Bespreek die voordele van induksie vir besighede. (6)

3.5 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

> **MAJOZI MANUFACTORING MAATSKAPPY (MMM)**
>
> Majozi Manufacturing Maatskappy het vele klagtes van verbruikers ontvang oor die swak kwaliteit van hul produkte. 'n Klein groepie van MMM se werkers is gevra om met voorstelle te kom om sisteme en prosesse te verbeter. Daar word ook van hulle verwag om probleme te ondersoek en oplossings aan bestuur voor te stel.

3.5.1 Haal TWEE rolle van gehaltesirkels aan uit die bostaande scenario. (2)

3.5.2 Adviseer die bestuur van MMM oor ander rolle van gehaltesirkels in die verbetering van die kwaliteit van hul produkte. (6)

3.6 Verduidelik die gehalte-aanwysers van die produksiefunksie. (6)

3.7 Adviseer besighede oor die impak van TGB indien dit swak geimplimenteer word. (6)

**[40]**

## VRAAG 4: DIVERSE ONDERWERPE

### BESIGHEIDSOMGEWINGS

4.1 Noem enige TWEE tipes besigheidsektore. (2)

4.2 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**BRANCO ENTERPRISES (BE)**

Branco Enterprises het ‘n daling in hul wins ervaar. Dit is as gevolg van uitdagings wat die hoë werkloosheidskoers en die skielike styging in rentekoerse stel, nadat die Suid-Afrikaanse Reserwebank ‘n skerp verhoging in die repokoers aangekondig het.

4.2.1 Identifiseer TWEE PESTWO faktore wat in die scenario hierbo gespesifiseer word. (4)

4.2.2 Verduidelik hoe die PESTWO faktore in VRAAG 4.2.1 geïdentifiseer, uitdagings vir besighede stel. (4)

Gebruik die onderstaande tabel as ‘n riglyn om VRAAG 4.2.1 en 4.2.2 te beantwoord.

| PESTWO FAKTORE | UITDAGINGS |
|---|---|
| 1. | |
| 2. | |

4.3 Bespreek die regte van verbruikers in terme van die Nasionale Kredietwet (NKW), 2005 (Wet 34 van 2005). (4)

4.4 Adviseer besighede oor die rol van SOOOs (SETAs) ter ondersteuning van die Wet op Vaardigheidsontwikkeling (WVO), 1998 (Wet 97 van 1998). (6)

### BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE

4.5 Noem TWEE redes vir die beëindiging van ‘n dienskontrak. (2)

4.6 Lees die scenario hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

**FLASH ELECTRONICS (FE)**

Flash Electronics het onlangs vir Freddy as ‘n ontwerpingenieur aangestel. Hy is ‘n vyf jaar kontrak aangebied, werk vir nege ure per dag en word op ‘n maandelikse basis betaal.

4.6.1 Identifiseer TWEE aspekte wat in die dienskontrak ingesluit is vanuit die bostaande scenario. (2)

4.6.2 Omskryf breedvoerig die wetlike aspekte van die dienskontrak. (6)

4.7 Onderskei tussen *gehaltebeheer* en *gehalteversekering*. (4)

4.8 Stel maniere aan besighede voor hoe hulle enige DRIE stappe van die BDKH model kan toepas om die gehalte van hul produkte te verbeter. (6)

**[40]**

**TOTAAL AFDELING B: [80]**

## AFDELING C

Beantwoord slegs EEN vraag in hierdie afdeling.

### VRAAG 5: BESIGHEIDSOMGEWINGS (WETGEWING)

| |
|---|
| Die Wet op Arbeidsverhoudinge (WAV), 1995 (Wet 66 van 1995) is een van die wette wat daar gestel is om arbeidsvrede in die werkplek te bevorder. Die Wet maak voorsiening vir die regte van beide die werkgewer en werknemer. Daar word van besighede vereis om die Wet na te kom om boetes vir nie-nakoming vry te spring. |

Skryf ‘n opstel oor die Wet op Arbeidsverhoudinge (WAV) waarin jy die volgende aspekte insluit:

- ❖ Omskryf in breë trekke die regte van die werkgewer en werknemer in terme van die WAV.
- ❖ Verduidelik die doel van die WAV.
- ❖ Evalueer die impak van hierdie Wet op besighede.
- ❖ Stel maniere voor hoe besighede hierdie Wet kan nakom.

**[40]**

### VRAAG 6: BESIGHEIDSBEDRYWIGHEDE (TOTALE GEHALTEBEHEER)

| |
|---|
| Groot besighede besef dat totale gehaltebeheer (TGB) noodsaaklik is om mededingend en volhoubaar te bly. Besighede moet die elemente van TGB implementeer om die koste van gehalte te verminder. Baie besighede baat daarby om ‘n gehaltebestuurstelsel te implementeer. |

Skryf ‘n opstel oor totale gehaltebeheer (TGB) waarin jy die volgende aspekte insluit:

- ❖ Brei uit oor die betekenis van Totale Gehalte Beheer.
- ❖ Verduidelik die voordele van ‘n goeie gehaltebestuurstelsel.
- ❖ Bespreek die impak van die volgende TGB elemente op groot besighede:
  - – Deurlopende vaardigheidsontwikkeling/Onderwys en opleiding
  - – Voldoende finansiering en kapasiteit
- ❖ Stel maniere voor hoe TGB die koste van gehalte kan verminder.

**[40]**

**TOTAAL AFDELING C: [40]**

**GROOT TOTAAL: [150]**

© SACAI KOPIEREG